5 SEPTEMBER 2010 AANDDIENS PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 4: 17 – 32
EFESIëRS 5:1-5

EFESIëRS 4: 17 – 32

“Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie - mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart; wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.
Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.
Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie.
Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.
Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net ‘n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.
En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.
Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.
Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

EFESIëRS 5:1-5

“Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as ‘n gawe en offer aan God tot ‘n lieflike geur.
Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.
Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat ‘n afgodedienaar is, ‘n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.”

BREEK MET DIE OU MENS EN LEWE AS ‘N NUWE MENS

Inleiding

‘’n Algemene oproep om te breek met die ou mens. Paulus lig uit wat is die leefwyse van die ou mens en dan daag hy ons uit om ons te beklee met die nuwe.
Daar is beslis ‘n proses van verandering wat plaasvind in die kind van God se lewe.

Dit wat die Heilige Gees doen in elkeen van ons se lewens wat Jesus Christus aangeneem het as Verlosser en Saligmaker.

1. ‘N ALGEMENE OPROEP OM TE BREEK MET DIE OU MENS

EFES. 4:22-24 “dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,
en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed
en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.”

Daar is ‘n proses wat hier plaasvind, Word vernuwe deur die Gees wat in ons woon.
Daarom het jy ook ‘n verantwoordelikheid om te lees wat God se Woord sê, sodat die Gees die inligting kan gebruik.

Sodoende sal die Beeld van Christus al hoe sigbaarder word in jou lewe.

Romeine 6:6 “aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.”

<u>Romeine 8:9</u> "julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie."

<u>Gal.5:16-26</u> "Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;
want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.
Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.
En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;
afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;
afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.
Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
Teen sulke dinge is die wet nie.
Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.
As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.
Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie."

<u>Kol. 3: 3-8</u> "Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.
Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.
Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,
waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom,
waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het.
Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond."

2. <u>SPESIFIEKE RIGLYNE VIR DIE NUWE MENS</u>

<u>EFES. 4: 25</u> "Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede."

Leuens versteur die Eenheid, bring konflik en ondermyn wedersydse vertroue.

Dit vernietig verhoudings en bring rusie in 'n gemeente.

<u>EFES. 4:26-27</u> "Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie."

Moenie sondig as jy kwaad word nie. Die Woord sê nie dat jy nie mag kwaad word nie, maar dat jy reg moet optree as jy kwaad word. Jy kan nie net impulsief optree nie – dan sal jy mense seermaak en verhoudings vernietig.
Woede aan die anderkant wat onderdruk word kan weer lei tot bitterheid wat ook vernietigend van aard is. Bid ook vir wysheid.

EFES. 4:28 "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het."

Werk hard en God sal jou seën met genoeg om ook nog vir ander te gee.

EFES. 4:29 "**Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."**

Jou spraak verklap wie jy is. Wat die hart van vol is loop die mond van oor.

EFES. 4:30 "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."

Die Heilige Gees is die deposito van God se belegging in my en jou.
Hy is altyd saam met jou. Moet Hom nie teleurstel nie.

EFES. 4:31 **"Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid."**

Waak daarteen.

EFES. 4:32 "Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het."

Vergifnis is 'n gawe wat ons ontvang en gee.

Matt. 5:14-15 "**Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.**
Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."

As jy onwillig is om te vergewe is daar nog 'n gebrek in jou verhouding met Jesus Christus.

Efes. 5:1-2 "**Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;**
en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur."

Liefde is 'n **offer**: **WAT WAS JESUS SE OFFER?**

Efes. 5:3-5 "**Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam;**
ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.
Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie."

Dit gebeur maklik dat ons aan vuil praatjies gewoond raak. Eers pla dit jou nie meer nie en later begin jy self daaraan deelneem. Jy moet daarvoor oppas, want dit wis jou getuienis uit.

SLOT

VERS 22 Sê DAT JULLE DIE OU MENS MOET AFLê.

EN VERS 24 Sê DAT JULLE, JULLE MET DIE NUWE MENS MOET BEKLEE.

2 KOR.5:17" Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.